

Belangrike Inligting:


Uit die Kantoor Bl.2-3

Datums Bl. 4-5


# VOLKSIENUUS

27 Maart

# UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Na ‘n besige, maar suksesvolle kwartaal, sien ons uit na die welverdiende ruskans. Die skole sluit Donderdag, 26 Maart 2026 om 13h30. Neem asb kennis van die volgende inligting:

PERSONEELNUUS

Mnr. Beyers Cronje tree, na 30 jaar van getroue diens by Hoër Volkskool, aan die einde van die kwartaal af. Ons is baie dankbaar vir al die jare se inploeg in ons skool en leerders. Hy het die afgelope paar jaar veral diep spore in Boogskiet getrap. Ons is ook baie verlig dat hy ingestem het om in ‘n Beheerliggaampos aan te bly totdat die pos deur die Departement gevul word.

AKADEMIE

Die leerders ontvang elkeen vandag sy rapport. Baie dankie vir elke leerder wat deur die kwartaal hard gewerk het. Geluk met julle goeie uitslae. Daar word twee geleenthede aan die begin van kwartaal 2 gehou waar ouers met die onderwysers oor die akademiese uitslae kan gesels.

Vergadering 1: Ma, 13 April 2026 om 07:15 - 08:00 in die saal.

Vergadering 2: Ma, 13 April 2026 om 17:45 - 19:00 in die saal.

DISSIPLINE

Aan die begin van die jaar het ons begin met ‘n huiswerk-strafperiode van 30 min vir leerders wie se huiswerk/klaswerk nie voltooi is nie. Dit is gedoen in ‘n poging om leerders te motiveer om deurlopend te begin werk. Leerders wat die reël gereeld oortree het, sal vanaf kwartaal 2 met ‘n 60 min huiswerk-periode gestraf word.

# UIT DIE KANTOOR

BUITEMUURSE AKTIWITEITE
Dankie aan alle ouers en leerders vir hul deelname aan sport en ander buitemuurse aktiwiteite. Ons moedig meer leerders aan om deel te neem en die voordele van 'n afgeronde opvoeding te pluk. Om die deelname van leerders te verbeter gaan ons aan die begin van kwartaal 2 leerders se buitemuurse betrokkenheid by skoolaktiwiteite begin monitor. Elke leerder is veronderstel om aan ten minste een aktiwiteit in die somer en een in die winter deel te neem. Leerders wat nie hieraan voldoen nie, sal by 'n nuwe aktiwiteit aansluit, naamlik Volksie-ondersteuners. Daar sal van die leerders verwag word om by elke tuiswedstryd hul klasmaats in hul onderskeie sporte te ondersteun.

UITBLINKERS
Die volgende leerders het tydens die eerste kwartaal uitgestaan in hul onderskeie sporte: Kate-Lynn Kruger (swem), Enriano Joubert (krieket), Vincent Pienaar (atletiek), Hanè Olivier (tennis), Hannes van die Merwe (tweekamp) en Sarah van Eeden (tweekamp). Baie geluk aan elkeen van julle met jul mooi prestasies! Vir meer inligting sien ons Facebook-blad.

VAKANSIEBEDRYWIGHEDE
Sterkte aan ons eerste hokkie- en rugbyspanne wat tydens die vakansie aan toernooie gaan deelneem. Sterkte ook aan Jean van Wyngaardt wat aan die Open World Championship in gevegskuns in Vanderbijlpark gaan deelneem. Hy gaan Suid-Afrika verteenwoordig en teen VSA, Namibië, Zimbabwe, Madagaskar en Reunion kompeteer.
Ten slotte wil ons die Beheerliggaam en ook die breë Volkskool-gemeenskap vir u volgehoue ondersteuning en toewyding aan ons skool bedank. Saam het ons groot sukses behaal en ons sien uit na nog groter prestasies in die toekoms.
Ons wens u almal 'n rustige en aangename wegbreek toe.

Groete
*H. Malan*
Skoolhoof

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 27 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Skoolsluit |
| 28 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby |
| 29 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby |
| 30 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Oakdale toer - Rugby<br>Level 2 Gala |
| 31 Maart: | Level 2 Gala |
| 3 April: | Goeie Vrydag |
| 5 April: | Paassondag |
| 6 April: | Gesinsdag |
| 8 April: | Skool begin |
| 9 April: | Beyers Naudé netbalproewe<br>Mnr. Ashwell Katshu verjaar |

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 10 April: | Ladies night<br>Tennis teen Burgersdorp (tuis) |
| 11 April: | Sportdag: Burgersdorp (tuis) |
| 12 April: | Mnr. Patric van der Merwe verjaar |
| 13 April: | Graad 8 Baadjieseremonie<br>Koshuiskomitee vergader |
| 15 April: | LLR vergader |
| 16 April: | Finans Komitee vergarder |
| 17 April: | Netheid |
| 18 April: | Boogskiet (tuis)<br>Sarah Baartman: Netbalproewe<br>Sportdag: Westering (weg) |

# SPORT

**Netbalspan op Kirkwood Festival**

Ons netbalspan het op 14 Maart aan die Kirkwood Festival deelgeneem – 'n dag vol uitdagende wedstryde en waardevolle leergeleenthede. Die meisies het hul uitstekende houding, fiksheid en positiewe gesindheid deur die dag getoon. Selfs wanneer wedstryde taai was en die telling nie altyd in hul guns was nie, het hulle nooit moed opgegee nie en tot die einde bly veg.
Uitslae van die dag:

- Port Alfred 11 – 16 gewen
- Pearson 37 – 2 verloor
- Framesby 27 – 2 verloor
- Kirkwood 12 – 7 verloor

Na elke wedstryd is die opponente se hande geskud en afrigters bedank – 'n teken van respek en ware spanwaardes. Al was dit 'n uitdagende dag op die baan, het die meisies hulself met trots gedra en 'n uitstekende voorbeeld van deursettingsvermoë en sportgees gestel. Ons is ongelooflik trots op hierdie span!

**Eerste tuiswedstryd van 2026: Warm Karoo-dag vol goeie rugby**

Volkskool het sy eerste tuiswedstryde van die jaar teen Muir Kollege op 'n warm Karoo-dag gespeel. Ten spyte van die hitte het al die spanne met ywer en gees gespeel en die ondersteuners is getrakteer op opwindende rugby.
Uitslae van die dag:

- o.14: verloor 5 – 17
- o.15: wen 19 – 10
- o.16: speel gelykop 19 – 19
- Tweedespan: verloor 15 – 41
- Eerstespan: wen 32 – 19

Dit was 'n dag van mooi rugby, deursettingsvermoë en spanwerk – 'n perfekte begin van die seisoen op ons tuisgrond.

## Hokkiespan op Greg Beling Hockey Festival

Ons hokkiespan het van 13–15 Maart aan die Greg Beling Hockey Festival in Oos-London deelgeneem – 'n fees wat spanne van regoor Suid-Afrika nooi en 'n perfekte geleentheid bied vir waardevolle wedstrydervaring en spanontwikkeling.
Op dag twee het ongelukkig ons doelwagter, Lisa du Toit, haar knie seergemaak, maar met die moed en deursettingsvermoë van die span het Gaby Hall die laaste dag in die doelwagterposisie ingevul. Ons wens ook al ons beseerde spelers 'n spoedige herstel toe. Baie dankie aan die personeel wat saam getoer het en aan die ouers wat die span ondersteun het.

Uitslae:

- Teen Cambridge: 3 – 0 gewen
- Teen Jim Fouche: 1 – 3 verloor
- Teen Lilyfontein: 2 – 0 gewen
- Teen Oos Moot: 3 – 4 verloor

Dankie aan elke speler wat Volkskool hierdie naweek met trots verteenwoordig het – julle het sportgees en trots getoon!

## Frederik de Klerk trap Volkskool na die podium!

Op 15 Maart het Hoër Volkskool as gasheer opgetree vir die eerste NMB-skoleliga in Graaff-Reinet. Frederik de Klerk het eerste plek in die *Youth* seuns, 14 jaar, verower en is die enigste Volkskool-leerder op hoërskoolvlak met 'n podiumplek. Al die ander leerders het met deursettingsvermoë en spangees gewys dat hulle vasberade en volhardend is.

'n Groot dank aan ouers, afrigters en ondersteuners wat hierdie sukses moontlik gemaak het!

**Naweek teen Langenhoven Gimnasium**

Dit was ’n uitdagende naweek vir Volkskool se spanne, maar vol waardevolle lesse en wedstrydervaring.

Hokkie:

- Eerstespan verloor 0–2
- Tweedespan verloor 0–5
- Derdespan verloor 1–2
- o.16A wen 3–0

Netbal:

- Tweedespan verloor 12–36
- o.14 B verloor 5–23
- o.15 B verloor 5–29
- o.15 A verloor 7–23
- o.14 A verloor 9–29
- Eerstespan verloor 22–25

Rugby:

- o.14 verloor 64–0
- o.15 verloor 45–7
- o.16 verloor 24–19
- Tweedespan verloor 0–51
- Eerstespan wen 21–19

Alhoewel dit ’n moeilike dag was, wys ons spanne deursettingsvermoë en die waarde van leer uit elke wedstryd.

**Nog 'n naweek van raakskiet**

Ons boogskuts het van die naweek weer uitstekend gepresteer en met sterk uitslae teruggekom. In die HG-afdeling het Helen Grobbelaar eerste plek behaal, terwyl Nashaan Beyers tweede (267) gevolg het. In die HB-afdeling het Conrad Kleyn eerste plek (289) losgeskiet en Michyle Mostert derde (271) geëindig. In die GLA Oped het Nashaan silwer en Michyle brons verower.

'n Besonder prestasie was Conrad Kleyn se benoeming as beste skut in die Hoërskool-klas tydens die Soulpoint-kompetisie. Sy toewyding en oefening het nie net vir persoonlike sukses gelei nie, maar ook die span se gees hoog gehou en 'n inspirasie vir mede-skuts en die hele Volkskool-gemeenskap geword.

Baie geluk aan al die skuts – julle harde werk en fokus is duidelik gesien!



**Top 10 Akademie – 'n bewys van harde werk en toewyding**

GRAAD 8

1. Margite vd Merwe
2. Janneke Conradie
3. Nia Cornelius
4. Desmonique Carelse
5. Eben Lötter
6. Annabelle Kruger en Li van Rayner
7. Luke Steyn
8. Leila Ehlers
9. Neva Steynberg
10. Miné Coetzee

GRAAD 9

1. Pieter Fourie
2. Emma Conradie
3. Uné Groenewald
4. Daminay Meyer
5. Adeline Engelbrecht
6. Karla Potgieter
7. Johnalene Tarentaal
8. Angela Vorster
9. Stacey Jansen
10. Zoe Putter

GRAAD 10

1. Ruben Fick
2. Sarah van Eeden
3. AW Lambrechts
4. Christi Schutte
5. Conrad Kleyn
5. Monique Nell
7. Hestri Pearson
8. Armand Nell
9. Johan Viljoen
10. Cobus Viljoen

GRAAD 11

1. Elné Viljoen
2. Jayde Minnies
3. Gerhard Coetzee
4. Kate-Lynn Kruger
5. Anzel Kleynhans
6. Jako Steynberg
7. Leoné Lategan
8. Gert Theron
9. Mia Prinsloo
10. Danél de Koker

GRAAD 12

1. Zenobia Homveld
2. Charl Conradie
3. Cara Nel
4. Kian Keyser
5. Mikha Enslin
6. Venique Meyer
7. Mienke Janse v Rensburg
8. Hannes van der Merwe
9. Vochenique Meyer
10. Inke-Lirie Ferreira

# NETBAL BESIGHEIDSLIGA



**REGISTRASIE EN EERSTE WEDSTRYD**

**MAANDAG, 4 MEI 2026**

HOËR VOLKSKOOL SE NETBALBANE

TYD 17:30

SCAN ME



## REËLS EN REGULASIES

**Kostes:**
- R100 – Volkskool skoliere
- R150 – Volwassenes en buite skoliere

**Ouderdomsbeperking:**
- Deelnemers moet ouer as 14 jaar wees

**Spanformaat:**
- 7–12 spelers per span
- Maksimum van 4 mans mag gelyktydig op die baan wees

**Wedstrydformaat:**
- Vinnige wedstryde van 9 minute aaneenlopend
- Elke wedstryd sluit 'n 2 minute *Power Play* in – alle doele in hierdie tyd tel dubbel!
- 1 minuut ruil

## VOORDELE VIR JOU BESIGHEID OM DEEL TE NEEM:

**Netwerkgeleenthede**
- Bou waardevolle verhoudings met ander sake-eienaars
- Skep nuwe vennootskappe en samewerkingsgeleenthede

**Spanbou**
- Verbeter werksvoldoening en lojaliteit
- Bevorder 'n gesonde balans tussen werk en ontspanning

**Positiewe gemeenskapsbetrokkenheid**
- Wys dat jou besigheid aktief in die gemeenskap belê
- Bou 'n goeie reputasie en versterk vertroue by kliënte



**Laaste dag van inskrywings op 20 April 2026**
**Kapteinsvergadering op 27 April 2026**


ROL VIR KANKER
aangebied deur
Hoër Volkskool en Graaff-Reinet Kankervereniging
16 | MEI 2026
Koste: R200 per persoon
Formaat: Pare / Pairs
Ingesluit:
Begin die oggend met 'n heerlike ontbytbroodjie saam met 'n lekker koppie koffie of tee.
Geniet later 'n bederf tydens teetyd, gevolg deur 'n smaaklike middagete.
Die dag word afgesluit met 'n steakete en dans teen R150 per persoon.
HOËR VOLKSKOOL
ONS SAL HANDHAAF
Navrae en inskrywings
Francois Oosthuizen - 082 440 9277
Neil Colyn - 083 461 5667

## VolksiesGRT RC


Sluit aan by ons WhatsApp groep

**Voordele:**

- ASA-registrasie beskikbaar
- Twee weeklikse hardloopsessies
- Saterdag gemeenskapshardloop saam met *Active*
- Alle vlakke welkom (beginner tot ervare hardlopers)

# beweeg




Skryf die nuwe
Volksie-kreet!
Ons soek 'n splinternuwe skoolkreet.
Skryf jou voorstel neer en help ons om 'n kreet te skep
wat die trots, gees en energie van Volkskool vasvang.
Daar is 'n prys op die spel vir die beste kreet!
Inskrywings sluit Woensdag, 1 April,
wanneer die skool weer die tweede kwartaal begin.
Alle inskrywings kan by die
Bemarker se kantoor ingehandig word.


HOËR VOLKSKOOL
ONS SAL HANDHAAF
Volkskool groei, en saam bou ons aan iets besonders.
Ons nuwe snoepie-gedeelte kort nou net die
regte naam – en ons wil hê júlle moet help kies.
Ons nooi al ons ouers en leerders om deel te neem
aan hierdie kompetisie. Dink aan 'n naam wat ons trots,
tradisie en eg Afrikaanse karakter vasvang
**Hoe om deel te neem:**
Stuur jou voorstel saam met jou naam, van en
kontakbesonderhede na
volkskoolbemarking@gmail.com
of handig dit by die bemarker se kantoor in.
**Afsnydatum: Vrydag, 10 April 2026**

# Volkskool Oudskoliere Graaff-Reinet
## GHOLF JAG 2026

Datum: 11 Junie: 17:30 by Rolbalklub, ete en inligtingsessie.
12 Junie: Jag en veldbraai.
13 Junie: Gholf. Ete en prysuitdeling by Gholfklub
14 Junie: Vertrek

Spanlede: Span van 4 lede
Koste: R8 000 per persoon

Koste sluit in: 3 x nagte verblyf in gastehuise in Graaff-Reinet
Smaaklike Karoo-etes
Oos-Kaap jaglisensie en dagfooie vir jagplase
2 x Springbokke (Ekstra bokke kan gereël word teen koste)
Gholf
Verwelkomingspakkie, hemp en hoed ingesluit

---

Kom geniet die béste van die Karoo ...
Speel gholf op Graaff-Reinet se pragtige baan,
geniet ñ besonderse jag soos net hierdie omgewing kan
bied en ervaar ware Karoo-gasvryheid!

---

Navrae | Danie van der Nest | 082 922 0248

gedagte vir die week

## Lewe gebalanseerd

Te veel van enige ding, selfs ‘n goeie ding, is ‘n probleem. Werk, byvoorbeeld, is goed. Te veel daarvan kan egter stres veroorsaak, wat tot siekte, depressie en die verbreking van verhoudings kan lei. Kos is goed. Te veel daarvan kan egter tot ernstige gesondheidsprobleme lei. Dis goed om georganiseerd te wees. As jy egter ‘n perfeksionis word, kan jy jouself en almal rondom jou mal maak. Enige area in jou lewe wat uit balans is, sal die vreugde wat God wil hê jy moet ervaar, van jou steel. Om ‘n gebalanseerde lewe te onderhou, is een van die grootste uitdagings waarvoor jy te staan gaan kom. Moenie tot die uiterstes gaan nie. Ouer, moenie net vir jou familie sorg nie, maar geniet ook die familie vir wie jy hard werk. Probeer om altyd op jou beste te lyk, maar moenie obsessief oor jou voorkoms raak nie, omdat dit nie ‘n ware maatstaf van jou waarde is nie. Kyk na jou lewe en vra: “In watter areas is ek uit balans?” Vra God dan om jou te help om weer balans te kry.

Bob & Debby Gass